Senwane-
die familie vakansie-en jagplaas

Deur André van Dyk

Ek dink met heimwee terug aan oupa se boereplaas waar daar, met alles geboer is en ook gejag is. Alhoewel daar net springbokke en blesbokke op was, was dit die ideale wintervakansie vir my as hoërskoolseun om by oupa en ouma te gaan kuier.

Om vroeg in die winter, as die ryp so kraak onder die Bata tekkies, op te staan en koeie te melk, mielies te oes, perd te ry, vis in die Vaalrivier te vang en dan die groot lekkerkry - tarentale en patryse te skiet en so dan en wan 'n springbok of blesbok. Dit is die vakansies waarvan ek baie droom –sorgvry en moeiteloos.

Na verlede maand se artikel "DJ Farmer-Word deel van 'n unieke konsep" het Fredere de Jager, die eienaar van DJ Farmer my en 'n klomp pêlle genooi om Senwane jag- en wildplaas te besoek. Op die ou einde was ons 'n hele swerm mense wat op Senwane toegesak het met karre, vrouens, kinders, kleinkinders, handlangers en natuurlik genoeg proviant vir drie weke terwyl ons net drie dae vertoef het.

Die oomblik toe ons op Senwane aangeland het was dit duidelik dat hierdie plaas reg beplan en bestuur word. Alles, vanaf die die vuurmaakplek tot by die imposante hoofhuis, is so ingerig dat dit gebruikersvriendelik is met genoeg van alles. Ses charlets plus die hoofwoning wat in totaal 33 mense kan akkomodeer en die talle buitegeboue vorm die kern van alles wat op Senwane gebeur. Elke charlet het sy eie kombuis en daar is ook 'n gemeenskaplike bymekaarkom kuier- en braaiarea. 'n Spesiale vertrek wat toegerus is met 'n plasma TV, snoekertafel, pokertafel en 'n veerpyljiesbord sal sorg dat gaste nooit verveeld raak nie. Twee swembaddens verseker dat gaste genoeg plek het om af te koel na 'n warm dag in die bosveld. Groot inheemse bome en lowergroen grasperke, self in die middel van die winter, laat die kamparea uitstaan soos 'n oase in die boswoestyn, die ideale plek vir jong energieke kinders om krieket en rugby te speel en dit is een ding wat die naweek gebeur het – daar is gespeel.

Die slaggeriewe is van hoogstaande gehalte en mens kan vanaf 'n eland tot 'n duiker in 'n japtrap afslag en verwerk. Die slagters, spoorsnyers en ander arbeiders het jare se ondervinding en Arno, die plaasbestuurder, sorg dat alles reg en netjies verloop. Alle voertuie en plaasimplimente soos trekkers, pompe en die spilpunt, wat 'n agt hektaar lusernland besproei, is netjies en in 'n baie goeie werkende toestand. Selfs die sitrusboord is netjies omhein om dit teen die "bosrowers" te beskerm.

Senwane is netjies met wildwering omhein en aan die binnekant, een meter van die wildwering is daar 'n ge-elektrifieseerde heining. Dit verseker dat die Senwane wild hulle wild bly en beperk dit die draadkruipery tot vlakvarke en jakkalse. Daar is volop rooibokke, blouwildebeeste, elande, rooihartbeeste, gemsbokke, njalas, blesbokke, waterbokke, koedoes, sebras, volstuise en kameelperde. Dan sien mens ook soms jakkalse, rooikatte,

Die ruim en gerieflike hoofhuis op Senwane

'n Groot en gesellige kuierarea is sentraal geleë, en kan deur oud en jonk benut word.

luiperds, jagluiperds standwolwe en maanhaarjakkalse. Daar is ook verskeie voëlsoorte wat besigtig kan word. Om te verseker dat elk van die 17 eienaars genoeg wild tot hul beskikking het vir hul jagpakkette sal daar R1,2 miljoen se wild voor die einde van Augustus op Senwane bygevoeg word. Die plaas is ongveer 1200ha groot met 'n baie goeie infrastruktuur wat 'n 1km aanloopbaan insluit. Die suipings is meestal toegerus met sonpaneelpompe wat oorgenoeg water verskaf vir die wild. Elektriese pompe word ingespan om water aan die wooneenhede sowel as die lusernlande en sitrusboord te voorsien. Die lusern word eerstens gebruik om Senwane se wild gesond en in goeie kondisie te hou en dan sal daar van die oortollige bale verkoop word. Water is nie 'n problem nie en dit is nou maar een ding van hierdie deel van ons land, al lyk dit droog is daar baie ondergrondse water.

Arno en ek het 'n paar draaie gery en ek was verbaas oor hoe goed die veld, selfs in die middel van die winter daarvan uitsien. Die gras staan letterlik heuphoogte en mens sien net die koppe van die rooibokke uitsteek. Daar is geen teken van oorbeweiding of erosie nie. Alhoewel 'n klein gedeelte van 80 ha as 'n beesplaas deur die vorige eienaar gebruik is, is daar plek-plek sekelbos maar nie soveel dat dit op hierdie stadium 'n probleem is nie. Arno sê self dat daar klaar besluit is om die skelbos minder te maak en in die toekoms intoom te hou, dit is een van die preoriteite van die bestuursplan. Ek kon 'n rooibok skiet en ons het baie gesien terwyl ons geloop en gery het. Toe ek my kans kry het ek dit reg gebruik en 'n ou, alleenloper ram in die stof laat byt.

Geen plaas in die bosveld kan sonder 'n "geselsvuur" klaar kom nie, ons het vuurgemaak, gesels en sterre gekyk totdat die rooiboshout wit gebrand het. Hoe later dit geword het, hoe stiller het die mense om die vuur geraak. Elkeen was met sy eie gedagtes besig maar dit was ook opmerklik hoeveel mense kort-kort opgekyk het om die hemelruim te bewonder. Hier in die bosveld voel dit of mense die sterre kan aanraak. Saam met die naggeluide van die bosveld is dit in skerp kontras met die toeters van ongeduldige bestuurders in spits verkeer of die piep-piep van 'n blikbrein waarvan die verkeerde knoppie gedruk is. Hier snak mens ook na jou asem maar om 'n heel ander rede as wanneer 'n taxibestuurder in die stad voor jou inswaai. Hier kry jy kans om die totaliteit van die hele skepping rustig te bewonder sonder 'n i-pad, i-foon of i-pod. Jy hoef geen knoppies te druk, of TV aan te skakel om dit te sien nie, jy is klaar deel van dit, ervaar dit net. Laat aand speel die ou bekende liedjie op die radio "O Boereplaas geboortegrond" en dit laat my nog meer verlang na die kommervrye dae op oupa se plaas in die verre Wes-Transvaal, soos dit toe bekend was.

Een van die badkamers van die hoofhuis.

Senwane soek nog net 'n paar eienaars wat deel van hierdie unieke konsep wil word. Mede-eienaarskap gee jou die geleentheid om hierdie plaas te "besit" vir drie weke elke jaar, lewenslank! Vir daardie drie weke is dit jou plaas jy kan soveel vriende en familie bring as wat jy wil, selfs jou skoonma. Uiteindelik sal Senwane net 17 eienaars hê wat

Vervolg op bladsy 54.

Vervolg van bladsy 27.

saam sal bydrae tot die instanthouding van die plaas en die lopende uitgawes, maar elke eienaar sal ook 'n redelike groot gratis jagpakket jaarliks bekom. Verder word daar ook be-oog om met eksotiese diere soos bv swartwitpense te teel om sodoende 'n inkomste vir die eienaars te skep. Jy sal ook deel van die besluitnemingsproses wees en niks sal gebeur waarvan jy nie vooraf weet nie. Met die volgende algemene jaarvergadering sal daar twee nuwe direkteure deur die 17 eienaars aangewys word. Hierdie direkteure sal te same met die plaasbestuurder, die ouditeure en die bestuursmaatskappy, wat aangestel is, die plaas bestuur. Die plaasbestuurder sal aan die bestuursmaatskappy en direkteure verslag doen en ook hul opdragte uitvoer. Die direkteure sal op hul beurt weer aan die aandeelhouers (17 eienaars) verslag doen. Die bestuur van die plaas geskied dus op deursigtige besigheidsbeginsels.

Na alles het werklik min mense wat in die stad woon die tyd en geld om 'n "voltydse" wildsplaas te besit en dit is waar mede-eienaarskap dit vir baie mense dit moontlik maak om jou eie stukkie grond vir drie weke elke jaar te ervaar. Een week sal altyd in die jagseisoen val terwyl die ander twee weke op ander tye van die jaar benut sal word. Daar is egter 'n verdere bonus beskikbaar, omdat DJ Farmer deur DJ Syndico besit word en hulle 600 aandeelhouers het wat vakansiehuise op verskillende plekke het, kan jou week ook uitgeruil word vir 'n week op 'n ander vakansiebestemming. Net so sal mens jou jagweek kan uitruil vir 'n jagweek op 'n ander plaas in die land wat ook deel van die skema is. DJ Syndico is 'n groot internasionale maatskappy wat eiendomsbeleggings in London en Dubia het en staan as DJ Offshore bekend.

Mense wat belangstel om op hierdie manier 'n mede-leienaar te word in 'n stukkie "boereplaas", nie net vir hulself nie, maar ook vir hulle kinders en kleinkinders kan met DJ Farmer, die amptelike bemarkers, by **011 675 4489** skakel of besoek die webwerf **www.djfarmer.co.za** vir meer inligting.

Die skrywer met 'n rooibok wat hy op Senwane geskiet het.

Een van die ses gerieflike huise op Senwane.

Twee groot swembaddens bied lafenis na 'n warm dag in die bosveld.